
# BY DIE AFTREDE VAN 'N GEWAARDEERDE HOOGLERAAR: PROF. F.A. VAN JAARSVELD

*Huldigingsrede by geleentheid van 'n konferensie van vakdidaktici, Unisa, Pretoria, 14 Junie 1985.*

*Prof. P.H. Kapp (R.A.U.)*



*Prof. P.H. Kapp oorhandig 'n blyk van waardering aan prof. F.A. van Jaarsveld.*

Floris Albertus van Jaarsveld tree op 31 Desember 1985 uit as professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria. Daarmee verbreek hy sy formele bande met die onderrig van 'n vak waarmee hy vir 40 jaar ononderbroke gemoeid was. Sonder vrees vir teenspraak kan beweer word dat hy die vrugbaarste en skeppendste Afrikaanse geskiedskrywer tot op datum is. Sy invloed strek egter veel wyer as die lang lys publikasies wat agter sy naam staan, want ook op die gebied van die onderrig van Geskiedenis het hy 'n buitengewone bydrae gelewer.

Prof. F.A. van Jaarsveld is op 5 Junie 1922 op die plaas Rooiwal in die distrik Heidelberg gebore. In 1940 het hy sy matriek met onderskeiding in Geskiedenis en Wetenskap aan die Hoërskool Heidelberg geslaag. Sy B.A.-graad het hy in 1943 met lof in albei sy hoofvakke (Geskiedenis en Geografie) verwerf. Die M.A.-graad (ook met lof) is in 1946 aan hom toegeken vir 'n verhandeling oor **Die rol van die veldkornet in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1870.** Na twee jaar in die onderwys is hy en sy vrou, mej. Helet van der Spuy, aan die einde van 1947 na Nederland waar hy sy doktorale studie aan die Universiteit van Groningen onder prof. jhr. dr. P.J. van Winter en prof. Helmuth Plessner voortgesit het. In September 1950 het hy gepromoveer op die proefskrif **Die betrekkinge tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1: Pioniershartstogte, 1836-1864.**

In die daaropvolgende jare was hy onderwyser aan verskillende skole en het hy spoedig getoon dat hy hom graag op skryfwerk wil toespits. Tydens sy skoolonderrig het hy begin werk aan 'n reeks skoolhandboeke waarvoor hy later so bekend sou word. In 1958 het die eerste van sy reeks **Nuwe Geïllustreerde Geskiedenis vir die Hoërskool verskyn.**

Prof. Van Jaarsveld se akademiese loopbaan het in 1958 begin toe hy as senior lektor aan die Universiteit van Suid-Afrika aangestel is. Met die stigting van die nuwe Randse Afrikaanse Universiteit in 1967 het hy eerste hoogleraar in Geskiedenis geword en heelwat vernuwing in die onderrig van Geskiedenis ingevoer soos 'n voorgraadse kursus in filosofie en metodologie, 'n oorsigkursus vir eerstejaars, Oosterse Geskiedenis en Stedelike Geskiedenis.

In 1973 het hy na die Universiteit van Pretoria, sy ou Alma Mater, verskuif waar hy hom al hoe meer op die sosiaal-ekonomiese geskiedenis en die nuwe wendinge op dié gebied in die historiografie toegespits het. Nege doktorale studente het onder hom gepromoveer en vir 20 studente het hy as studieleier by hul verhandelinge opgetree. Daarbenewens was hy eksterne promotor vir 9 proefskrifte en eksterne eksaminator vir 14 verhandelinge.

Prof. Van Jaarsveld het verskeie oorsese besoeke aan veral die Europese vasteland afgelê. By twee geleenthede het hy referate in die buiteland gelewer: in 1976 in München oor verstedeliking in Suid-Afrika en 1978 in New York. Tydens hierdie gereelde besoeke het hy die geleenthede benut om altyd op hoogte te bly met die jongste ontwikkelinge in die historiografie.

Die Stalsprys vir Kultuurgeskiedenis is in 1973 deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom toegeken.

Prof. Van Jaarsveld se betekenis vir en invloed op die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing en die historiese arbeid in die algemeen is groot.

Hy is stellig ons mees vastelands-georïenteerde historikus. Sy lang studieverblyf in Groningen en sy deurlopende kontak met die Duitse, Franse en Nederlandse historiese wêreld het hom in staat gestel on nie net die jongste ontwikkelinge op die vasteland hier bekend te stel nie, maar ook om nuwe toepassings van daardie gebiede hier te vestig. 'n Mens dink hier veral aan sy bydrae om

die ideë-geskiedenis met sy studie oor nasionalisme te vestig in sy ontwikkeling van die stedelike en sosio-ekonomiese geskiedenis as studieterreine. 'n Mens kan ook nie nalaat om die Nederlandse invloed in sy skryfstyl en segginskrag op te merk nie. Deur beeldryke en klankryke betitelings van studies het hy iets van die Nederlandse plastiese styl hier gevestig. Dink maar aan titels of subtitels soos Pioniershartstogte, Geskiedkundige Verkennings, Omsingelde Afrikanerdom, Omstrede Verlede, ens.

F.A. van Jaarsveld het reeds in sy onderwysdae onder die indruk gekom van die belangrikheid van besinning oor teoretiese vraagstukke oor die vak Geskiedenis en sy onderrig. Metodologiese opstelle, filosofiese bydraes maar veral volgehoue en indringende historiografiese studies het hierdie terreine vir verdere studie en navorsing ontsluit. Sy deurlopende en insiggewende werk oor die Afrikaanse geskiedskrywing het enersyds die Afrikaner se visie op sy geskiedenisbeeld vir hom ontsluit maar andersins in die proses gehelp om daardie beeld te vorm. Sy belangstelling het egter veel breër as die Suid-Afrikaanse historiografie gestrek soos sy onlangse twee bundels **Moderne Geskiedskrywing** (Durban, 1983) en **Omstrede Suid-Afrikaanse verlede: geskiedenis-ideologie en die historiese skuldvraagstuk** (Johannesburg, 1984) getuig. Hierdie ontwikkeling in sy eie denke en benadering het hy op sy studente en vakgenote oorgedra en hulle gereeld van nuwe tematiek en nuwe navorsingsmetodes bewus gemaak. 'n Mens sien met belangstelling daarna uit dat hy ná sy aftrede die vernuwende metodologiese benaderinge in sy eie basiese navorsing sal toepas.

Die Afrikaner en sy plek en rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis was Van Jaarsveld se groot belangstelling. Sy belangrike studie oor die oorsprong van Afrikanernasionalisme is wyd gelees en bestudeer. Hy is van voorneme om na sy aftrede hierdie studie voort te sit vir die tydperk 1881-1899. Ten spyte van wat kritici vandag beweer as sou Van Jaarsveld dinge in die vroeë geskiedenis van die Afrikaner ingelees het, bly hierdie studie oor die ontwaking van Afrikanernasionalisme 'n standaardwerk wat inderdaad die verwarring en soeke, maar ook die hartstogtelike geesdrif en ontwaking van daardie tyd vasvang en waarheidsgetrou uitbeeld. Sy opstelle oor newe-verskynsels soos die kwessie van geroepenheid, Calvinistiese invloed en die ontstaan van 'n identiteitsbewussyn bly steeds belangrike studies wat moontlik tans meer genuanseerd herbewerk sal word, maar waarvan die basiese historiese korrektheid sal bly staan. Hierdie vorme van intellektuele of ideë-geskiedenis is baie moeilik omdat die historikus se bronne, veral in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, so beperkend is. Daarom moet hy 'n verantwoorde en gedissiplineerde historiese verbeelding kan aanwend. Van Jaarsveld se dieptestudies van die Afrikaner se geskiedenis het hom juis daarvoor goed toegerus.

Van Jaarsveld het hom ook op 'n aantal belangrike aktualiteitstudies toegespits. Daarin tree hy, met sy historiese diepte as agtergrond, as kommentator op sy tyd op en beweeg hy uit die aard van die saak buite die veilige laer van die historiese bron. Dit is so dat daar duidelike fases in Van Jaarsveld se beskouinge oor sy eie tyd is. 'n Mense kan dit kortweg die Johannesburg- en die Pretoria-fase noem. In die eersgenoemde fase kyk hy uit die kosmopolitiese Johannesburg na die Afrikaner van sy tyd, en is hy kampvegter vir beskerming en bewaking. Wanneer hy later vanuit Pretoria deur sy gereelde rubriek in **Hoofstad** na die probleme van sy tyd kyk, is hy wekroeper vir 'n verruimde en meer liberale benadering. Deur hierdie studies word Van Jaarsveld tipe van sy tyd: die soekende Afrikaner-intellektueel tussen die pole van sekerheid en vernuwing.

Hierdie aktualiteitstudies is in 'n groot mate geïnspireer deur Van Jaarsveld se strewe na 'n omvattende sintese van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Hoewel sy reeks boeke **Van Riebeeck tot Verwoerd/Vorster/Botha** 'n persoonlike interpretasie verteenwoordig en nie op alle terreine dieselfde diepgang het nie, verteenwoordig dit 'n belangrike poging tot 'n volledige sintese. Hyself getuig dat sy denke oor die rol en plek van verskillende groepe in die Suid-Afrikaanse geskiedenis verbreding ondergaan het. Hy bepleit self dat die rol van veral Swart, Bruin en Indiër volksgroepe meer tot hulle reg moet kom. Maar hy verset hom ook sterk teen die tendens om die rol van die Blanke, en in besonder die Afrikaner, tot die van byspeler te verlaag met die Swartman in die hoofrol.

Deur sy handboeke vir skoolgeskiedenis het Van Jaarsveld sekerlik 'n invloed uitgeoefen wat moeilik gemeet en bepaal kan word. Geslagte skoolkinders wat sy boeke van st. 6 tot matriek deurleef het, sal hiervan kan getuig. Hy het dikwels as referent by simposia en konferensies vir geskiedenisonderwysers opgetree en deur sy werk in komitees en vir die Historiese Genootskap het hy 'n vormende invloed uitgeoefen. Daar is min historici met die belangstelling in en betrokkenheid by die vak op al die terreine soos wat F.A. van Jaarsveld dit was.

Dit is net natuurlik dat so 'n energieke, ondernemende en breed gevormde historikus soos F.A. van Jaarsveld op die voorpunte van sy vak sou beweeg. Dat hy van tyd tot tyd in kontroverse betrokke sou raak, is nie net begryplik nie, maar ook noodsaaklik want 'n ruim en woelige gees soos syne is nie vir 'n ivoortoring-akademie gemaak nie. Dat van die kontroverse totaal onverdiend en ongeregverdig was, kan dié getuig wat sy ware bedoeling werklik geken het.

Floris Albertus van Jaarsveld was as student, dosent en akademikus 'n skeppende mens met 'n skerp intellektuele vermoë en 'n geestesrykdom wat die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing in die besonder net verryk het. Daarvoor huldig ons hom. Sonder hom sou ons almal en Suid-Afrika armer gewees het. Mag u aftreejare die rustigheid bring wat u in staat sal stel om u ideale t.o.v. onafgehandelde navorsings- en skryfwerk te verwesenlik.

Ons huldig en groet u as hoogleraar, nie as historikus nie.

> As ons wetenskaplike geskiedskrywing voortgaan om eensydig op die staat en politiek te konsentreer en die sosiaal-ekonomiese en sosio-kulturele kragte wat die nuwe samelewing te voorskyn gebring het, verwaarloos, sal hy al hoe meer aan relevansie verloor en nie aan die skoolgeskiedenis bied wat nodig is vir selfbegrip of 'n verklaring van die wording van ons huidige stand van sake nie.
>
> **F.A. van Jaarsveld** in *MODERNE GESKIEDSKRYWING.*